**LEEF JOU ROEPING – WEEK 2**

**DIE ROEPING VAN Esegiël – Esegiël 1-3**

Ek is oortuig dat God 'n baie duidelike roeping het vir elkeen van ons. My oortuiging is dat om jou roeping begin by 'n nuwe ontdekking en raaksien wie en hoe hierdie God is wat ons roep. Roeping impliseer tog dat daar Iemand is wat roep. Daarvoor gaan ons na 'n paar verhale in die Ou en Nuwe Testament kyk oor hierdie saak.

Wat het ons **verlede week** hieroor met mekaar gedeel?



**Bid** eers saam vir hierdie reeks en ook dat God se roeping op elkeen van julle se lewens baie duidelik sal word.



**Agtergrond:** Op daardie stadium was Esegiël en sy mense alreeds vir 5 jaar in ballingskap toe die Here hom roep. Israel is in ballingskap weggevoer en bevind hulle in Babelonië, 'n vreemde land van hulle onderdrukkers.

- **Watter impak dink julle moes die ballingskap op die Israeliete gehad het?** *(Hoe het hulle bv oor hul toekoms, en hul mense en hul eie voorspoed gedink...?)*
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................
- **Hoe het dit oa hulle verhouding met God beïnvloed?** *(Onthou die tempel was in Jerusalem – die plek waar hulle God aanbid het, en dit is vernietig...)*
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................
- **Watter raakvlakke is daar tussen jou lewe en die van die Israeliete in ballingskap?** *(Hoe kan jy met hulle identifiseer?)*
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................



**Lees Esegiël 1:1-3, 28, 2:1-10, 3:1-3, 10-14, 22-27.** Wat tref jou met 'n eerste lees van die gedeelte?

..........................................................................................

..........................................................................................

+ **Daar is 2 gedagtes wat 'n paar keer herhaal word in hierdie gedeelte. Die eerste tref ons aan in die volgende verse: 1:3, 1:28, 3:12, 3:14, 3:22, 3:23**
  ..........................................................................................
  ..........................................................................................

**Esegiël** moes eers raaksien en ontdek **hoe groot en magtig God** is. (*Niks is belangrik as hierdie ontdekking nie, want wie en hoe jou God is bepaal hoe jy Hom hoor en watter impak Hy op jou lewe het...)* **Hoekom dink julle is dit geweldig belangrik om dit te ontdek**, veral vir mense in ballingskap, vir wie die lewe aanhou om skeef te loop?

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

+ **Die tweede frase wat keer op keer herhaal word, is in die volgende verse: 2:2, 3:12, 3:14, 3:24**

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

  **Watter rol dink julle speel die Heilige Gees** in ons lewens en hoekom is dit belangrik veral tov ons roeping? *(Kyk weer na die teksverse en die effek wat dit op Esegiël gehad het...)*

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

+ **Ons het geen ander keuse as om hierdie sterk en magtige God voluit te vertrou nie**. Ons almal was al op punte en plekke in ons lewens waar ons weet net God kan nou help en as God nie deurkom nie, dan is daar geen ander uitweg nie. **Vertel vir mekaar van sulke ervarings wat julle gehad het** of van **situasies waarin julle op die oomblik is**, julle ballingskap-doodloopstraat-stories.

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

+ **Hoekom dink julle beveel God vir Esegiël om op te staan – 2:1-2?**

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

+ **Esegiël  kry die opdrag om die boekrol te eet – 2:9-3:3.  Hoe wil die Woord ons help om by ons roeping uit te kom?**

  .......................................................................................................................................

  .......................................................................................................................................

**Om saam te vat:**

Ons roeping begin by die ontdekking van God se...............................................................

God werk in ons lewens deur sy ............................................................. en ....................................................



**Bid saam** oor die sake wat God op julle hart geplaas het... staan dalk almal regop as julle saambid om daarmee julle bereidheid vir hierdie pad te erken